

**Week 10 (12-16 Julie 2020)**

**Afrikaans Gr. 5**

**Beskryf die ligaaam van 'n mens :**

Hare



## Abu Ali tel sy donkies

Abu Ali tel sy donkies Eendag stap Abu Ali dorp toe om 'n paar donkies te gaan koop. Hy koop nege donkies en ry op die voorste een huis toe. Die ander donkies loop agterna. Ná 'n rukkie sê Abu Ali by homself: "Ek moet seker maak dat al my donkies hier is." Hy draai om en begin sy donkies tel.



Hy tel net agt donkies. "Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt. O, gits! Waar is die negende donkie?" roep Abu Ali uit. Hy spring van sy donkie af en soek na die negende donkie. Hy soek agter die bome en rotse, maar hy sien die donkie nêrens nie. "Ek sal hulle weer tel," sê Abu Ali. "Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege. Nou is daar nege! Die donkie het seker teruggekom!" Hy klim toe maar weer op die donkie en ry verder. Ná 'n rukkie draai hy weer om en tel die donkies: "Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt. Daar's net agt donkies!" Hy spring van die donkie af en soek weer agter die bome en rotse na die negende donkie. Hy kry die donkie nêrens nie. "Ek sal weer tel," sê hy. Hierdie keer is daar weer nege! Hy klim op die donkie en ry verder. 'n Rukkie later sien Abu Ali sy vriend, Musa, langs die pad. "Musa!" roep hy uit. "Help my om my donkies te tel, asseblief. Daar's elke keer een te min. Wanneer ek stop om hulle te tel, is daar net agt donkies, maar as ek afklim om na die negende een te soek, is hy weer daar. Dan is daar nege!" "Wel, ek kan tien donkies sien, Abu Ali," lag Musa. "Tien? Hoe so?" vra Abu Ali. "Ek sien die donkie waarop jy ry en ek sien agt donkies agter jou," sê Musa. "Natuurlik!" roep Abu Ali uit. "Ag, ek was so dom! Maar waar is die tiende donkie?" "Hy ry op die negende donkie se rug," sê Musa, "en sy naam is Abu Ali!"



Vrae :

1. Wie is die twee vriende in die storie?
2. Hoeveel donkies koop Abu Ali?
3. Hoeveel donkies tel hy, terwyl hy op die een donkie sit?
4. Waar het Abu Ali die donkies gekoop?
5. Abu Ali ry op die (agterste/middelste/voorste) donkie.
6. Abu Ali soek elke keer die (agste/negende/tiende) donkie.
7. Waar het Abu Ali vir Musa gesien?
8. Skryf die sinne in die regte volgorde: Write the sentences in the correct order.  
(Skryf dit korrek sonder spelfoute)
  - Abu Ali ry op die voorste donkie huis toe.
  - Aan die einde van die storie sê Musa Abu Ali is die tiende donkie!
  - Abu Ali klim af en soek die negende donkie.
  - Aan die begin van die storie koop Abu Ali nege donkies.
  - Sy vriend, Musa, help hom om die donkies te tel.
  - Terwyl hy op 'n donkie sit, tel hy net agt donkies.
  - Musa sê hy sien tien donkies.
  - Nadat Abu Ali afgeklim the, tel hy nege donkies.

## Taalstrukture en- konvensies

### Afkortings (abbreviations)

Asb. – asseblief

Jan. – Januarie

S.A. –

Bl. –

Voornaamwoorde – bv. **Ek** het 'n tas. Dit is **my** tas. Die tas is **myne**.

My Pa het 'n tas. Dit is \_\_\_\_\_ tas. Die tas is \_\_\_\_\_.

Jy het 'n tas. Dit is \_\_\_\_\_ tas. Die tas is \_\_\_\_\_.

### Teenoorgesteldes bv. – wit – swart

- Groot - \_\_\_\_\_
- \_\_\_\_\_ - maer
- Onthou - \_\_\_\_\_
- Min - \_\_\_\_\_

### Meervoud en verkleining

Bv. – rak – rake – rakkie

1. Tafel - \_\_\_\_\_
2. Pen - \_\_\_\_\_
3. Potlood - \_\_\_\_\_
4. Boom - \_\_\_\_\_